Redaksioneel

Die Redaksie van *In die Skriflig* bring hiermee hulde aan 'n gewaardeerde kollega en medewerker vir die bydrae wat hy ten opsigte van die uitbou van die Gereformeerde teologie gelewer het. Sy navorsingsveld was die Ou Testament met spesifieke toespitsing op die verbondsteologie, waaroor hy gesaghebbend kon skryf. Artikels van hom oor hierdie – en ander – temas het gereeld in *In die Skriflig* verskyn. Daarby was hy ook 'n vaardige apologeet soos sy (saaklike) debatvoering met Deist in 1984 en 1985 oor hermeneutiese en voorvrae in die teologie bewys.

Die Redaksie wens hom en Wiida 'n geseënde en (met 'n woordspeling) 'skilderagtige' toekoms toe. Mag Frans se aftrede hom genoegsaam tyd laat om met verf en kwas sy omwêreld te verken!

Mag hy ook daadwerklik ervaar wat die Psalmdigter (84:13) ons leer: Dit gaan goed met die mens wat op die Here vertrou.

Amie van Wyk
Hoofredakteur

F.N. Lion-Cachet